Maandag

Rom. 6: 1 – 11, Rom. 11: 16 – 18,24. Teks: Rom. 6: 2: “ Of weet julle nie dat ons wat in Christus Jesus in gedoop is nie, in sy dood ingedoop is nie?" Tema: Christus ent ons in Hom en heg ons inenting vas met die doop. Kom ons kyk na ‘n kort opsomming van die inhoud van Rom. 6: 1 – 11. Ons en ons kinders is ingedoop in Jesus Christus! Ingedoop in Rom. 6 het twee betekenisse. Die een beteken ingedoop soos ‘n mens koffie in beskuit indoop. In Rom. 11 gebruik Paulus ‘n beeld om hierdie "ingedoop" in Christus te verduidelik: inenting van takke op ‘n goeie wortelstok. Ingedoop beteken Christus het ons ingeënt in wie Hy as mens vir ons is. Ingedoop se tweede betekenis is dat Christus self ons inenting in Hom verseël met die doop met water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Verseël beteken styf vasmaak. Dit is wat Jesus Christus met ons doen! Hy ent ons binne in Hom in én bind hierdie inenting styf vas met die doop in water. Hoekom Christus dit met ons doen, is sodat ons met Hom saam kan groei. Paulus stel dit só: As ons inderdaad met Hom saam gegroei het in ‘n dood soos syne, sal ons ook met Hom saamgroei in ‘n opstanding soos syne. (6:5) Ons groei saam met Christus omdat sy lewe weg gesny was en ons ou natuur weggesny word. Dit noem Paulus - ons is saam met Christus gekruisig. Én ons is saam gesny sódat ons saam kan leef. Saam geënt en geheg om saam te groei. Dit is ons eenheid met Jesus Christus: ingedoop in Jesus Christus. En dit is hoekom ons as gelowiges ons kinders doop. Jesus hét hulle in Hom ingeënt én vanoggend HEG Jesus Christus hierdie inenting met die doop met water - Hy maak dit styf vas. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.

Dinsdag

Rom. 6: 1 – 11, Rom. 11: 16 – 18, 24. Teks: Rom. 6:2: “ Of weet julle nie dat ons wat in Christus Jesus in gedoop is nie, in sy dood ingedoop is nie?" Tema: 'Christus ent ons in Hom in en heg ons inenting vas met die doop.' Paulus se voorbeeld van inenting in Rom.11 ontsluit vir ons die betekenis van “ om ingedoop in Jesus Christus te wees.” Inenting gaan oor twee plante wat afgesny is en skuins gesny is: die een, ‘n boompie wat se stam 'n end bokant sy wortels afgesny is en skuins gesny is en, die ander, ‘n takkie wat van sy wortels afgesny is. Inenting is wanneer jy ‘n stam sny en ‘n takkie sny en die twee dan in mekaar in te sit om een plantjie te wees. Hoe bly hierdie twee wat in mekaar ingesit is, vas aan mekaar? Met dit wat die boere noem “entlint.” Entlint is ‘n baie spesiale lint wat net vir een ding gemaak is: om twee plantjies wat in mekaar ingesit is, styf vas te maak sodat hulle nie van mekaar kan loskom nie. Wie ent plante so in: in mekaar ingesluit en vasgemaak? Dit is ‘n boer! Dit is wat gebeur wanneer ons ons kinders doop. Die Here het hulle in Hom ingesluit én dan bind die Here hulle elkeen aan Hom vas met die doop met water. Ingesluit en nou vasgemaak! Ingesluit beteken hulle en Christus is gesny gewees. Christus se lewe wat Hy vir God in liefde vir ewig kon geleef het, was afgesny deurdat Jesus vir ons sondes gekruisig was. En ons eie ou lewe sonder en buite Christus (en ook ons kinders se sondige lewensaard) is afgesny sodat ons en ons kinders nie meer uit ons eie sondige natuur kan leef nie. Ons is nou ingesluit (ingeënt) in wie Jesus Christus vandag as mens in die hemel vir ons is. So behoort ons en ons kinders aan God: die wortel, Jesus Christus is geheilig en nou is ons kinders ook aan God geheilig. (Rom. 11: 16) Wat is die doop met water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, waarmee ons hulle doop en ons gedoop is? Dit is entlint! Dit is hierdie spesiale lint wat ek hier vashou. Entlint is die enigste lint waarmee takkies styf teen mekaar gebind word sodat hulle kan heg en

teen met mekaar kan saamgroei. Die doop met water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees is God se entlint waarmee Hy hulle insluiting binne in Jesus Christus as mens vandag in die hemel vasmaak sodat hulle kan saamgroei. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.

Woensdag
Rom. 6: 1 – 11, Rom. 11: 16 – 18,24. Teks Rom. 6:2: " Of weet julle nie dat ons wat in Christus Jesus in gedoop is nie, in sy dood ingedoop is nie?" Tema: 'Christus ent ons in Hom vas en heg ons inenting vas met die doop.' Hoekom doop God ons in Jesus Christus in? Boere boer met ingeënte bome en nie met pitbome nie. Pitbome is bome waar hulle sommer net die pitte in die grond plant. Boere boer met ingeënte bome en nie pitbome nie want ingeënte bome groei almal dieselfde en dra almal dieselfde vrugte. Hulle groei almal dieselfde. Hulle kry hulle groeikrag uit die wortel en daarom groei hulle almal dieselfde. Ons is wilde olyf takke wat op Christus, die wortel ingeënt is om almal dieselfde groei krag te kry/ Paulus stel dit só: " En as die wortel heilig is, dan ook die takke" (11:16). Christus is vandag 'n regverdige en heilige mens in die hemel. Hy leef met die regte volmaakte liefde vir God. Omdat ons op Hom ingeënt is, deel ons in sy groeikrag: Hy laat ons deel in sy heiligheid en regverdigheid, en dan ís ons dit, al kan ons dit self nie bereik nie. Die takke kan nie self hulle eie groeikrag gee nie. Hulle kry hulle groeikrag uit die wortels en dan ís die groeikrag hulle s'n. Ons deel ook in die straf, skuld, oordeel en vervloeking wat die Here klaar vir ons gedra het - en dit sal nooit met ons gebeur nie. Ons leef uit alles wat Hy vir ons gedoen het. So groei ons lewe saam met Christus se lewe omdat ons in hom ingeënt is. Ons leer dit hier in die gemeente só: Syne is myne en myne is Syne. Ingeënt in Christus groei ons nie net saam met Christus in sy straf en sy heiligheid vir ons nie. Ons dra ook presies almal dieselfde vrugte volgens Gal. 5: 22: "Maar die vrug van die Gees is: liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing." Dit is die vrugte wat ons dra deur ons inenting met Christus. God boer nie met pitbome nie. Hy maak ingeënte bome deur ons in Christus in te ent sodat ons kan saamgroei met die voeding in Christus en die vrug van die Gees. Almal dieselfde. Ingedoop om saam te groei en dieselfde vrugte te dra. Pitbome moet uit eie krag groei en dra nooit dieselfde vrugte nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.

Donderdag
Rom. 6: 1 – 11, Rom. 11: 16 – 18,24. Teks Rom. 6:2: " Of weet julle nie dat ons wat in Christus Jesus in gedoop is nie, in sy dood ingedoop is nie?" Tema: 'Christus ent in Hom ons en heg ons inenting vas met die doop.' Waarmee bind Christus ons inenting in Christus vas? Met die doop met water in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees. Dit is God se entlint! God bind ons nóóit styf vas aan Christus as mens in die hemel deur ons verhouding met Christus nie. Ons verhouding met Christus is liefde. Alles wat ons in liefde vir Hom doen, vloei na Hom en alles wat Hy in sy liefde vir ons bewerk en skenk vloei na ons toe soos die wisselwerking tussen die wortelstam en die ingeënte takkie. Alles wat die takkie in sy blare maak vloei na die wortel en alles wat die wortel uit die grond bymekaar maak vloei na die takkie toe. Maar hierdie verhouding maak nie die inenting vas nie. Liefde is hoe ons, ons eenheid met Christus deurleef. Liefde is nié wat ons heg in ons vereniging met Christus nie. Kyk maar na hierdie ingeënte takkie. Wat maak die inenting styf vas? Nie wat binne die stam en takkie gebeur nie, maar die entlint. Wat is God se entlint waarmee Hy ons vereniging met Jesus styf vasmaak? Dit is nie ons verhouding met

Hom nie, maar die doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Dit is wat en hoekom ons kinders met water in die Naam van die Vader, Seun en Gees gaan doop! God bind hulle styf vas in hulle inenting in Jesus Christus deur die sakrament. Die doop is 'n kragtige daad van God waarmee Hy hulle styf vasmaak aan Christus. So kan hulle veilig saam met Christus saamgroei en deur Christus vrug dra. So kan hulle stresvry God net liefhê sonder dat húlle liefde húlle aan Christus moet vasbind. Ons sit entlint om ons kinders sodat hulle, styf vasgebind aan Christus met die doop, Hom stres vry kan liefhê en in sy liefde leef.
Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.

Vrydag
Rom. 6: 1 – 11, Rom. 11: 16 – 18,24. Teks: Rom. 6:2 " Of weet julle nie dat ons wat in Christus Jesus in gedoop is nie, in sy dood ingedoop is nie?" Tema: 'Christus ent ons in Hom en heg ons inenting vas met die doop.' Baie dominees en al die pastore in die land wil nie God se entlint om kinders van gelowiges te doop (sodat hulle styf vas aan Christus kan leef) aanvaar nie. Hulle het almal een rede vir hierdie snaakse ding wat hulle doen. Hulle sê hulle doop eers kinders regtig wanneer hulle tot bekering gekom het. Dit gebeur gewoonlik dan wanner kinders so 10-16 jaar oud is. Dis wanneer hulle tot "bekering" kom en dan word hulle kamstig met water gedoop. Wat is hierdie "bekering" wat hulle van praat wat kinders eers moet kry voor hulle kamstig met water gedoop word? Hierdie bekering is wanneer kinders jammer is oor hul sondes en besluit hulle sal 'n goeie lewe leef. Wat noem die Bybel hierdie bekering? Die Bybel noem dit die vrug van die Heilige Gees. Dit is die vrugte wat jy dra omdat jy ingeënt is en saam groei met Christus. Wat maak hierdie dominees en pastore? Ons voorbeeld wys dit duidelik. Wanneer wil hulle lint draai om 'n boom? Eers wanneer die boom mooi vrugte dra! Dan eers doop hulle omdat kinders tot bekering kom – dit is vrugte dra! Hoekom wil hulle lint draai om 'n boom wanneer hy vrug dra en nie entlint omdraai om klein kindertjies wat ingeënt is in Christus om hulle styf teen Christus vas te draai nie? En hier kom nou die groot geheim! Want hulle werk nie met entlint nie maar mooimaak lint! Mooimaaklint is heeltemal iets anders as entlint. Dit is lint waarmee jy mooimaak. Dit bind niks vas nie. Mooimaaklint wys jy is baie spesiaal soos mens dit met geskenke wys. Entlint wys nie jy is spesiaal nie. Dit heg styf vas om saam te groei. Maar hierdie dominees en pastore maak van God se entlint vandag mooimaaklint. Hulle gebruik waterspeletjies in die kerk waarmee hulle wys jy is spesiaal. Hulle bind mooimaaklint om jou soos 'n mens mooimaaklint om geskenke draai. Ons gelowiges egter, gebruik God se entlint en Hy bind ons daarmee aan Christus as mens in die hemel vas. Ons dra nie dominees en pastore se mooimaakstrikkies nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.

Saterdag ekstra
Rom. 6: 1 – 11, Rom. 11: 16 – 18,24. Teks: Rom. 6:2: " Of weet julle nie dat ons wat in Christus Jesus in gedoop is nie, in sy dood ingedoop is nie? " Tema: 'Christus ent ons in Hom en heg ons inenting vas met die doop.' Met hulle mooimaaklint, waterspeletjies, probeer sekere dominees en al die pastore kinders met water wys dat hulle spesiaal is omdat hulle tot bekering gekom het, hulle belydenis aflê of iets vir God gedoen het. Maar daar is een ding wat al hierdie dominees en pastore nié wil hê met die Here se kinders gedoen mag word nie. Hulle mag nóóit met God se entlint aan Jesus Christus vasgebind word nie. Hulle glo glad nie daaraan dat ons met Jesus Christus as mens in die hemel ingeënt word en dan met die doop

vasgebind word nie. Almal van hulle glo jy moet met ‘n verhouding met God, met jou liefde jousélf aan Christus vasbind. Almal van hulle glo jy is los van Christus tot jy tot bekering kom, en dan word jy nie in Jesus as mens in die hemel ingeënt nie. Jóú bekering maak kamstig dat Christus jou liefkry. Die groot dwaling van al hierdie dominees en pastore is dat hulle glo God boer met pitbome. God loop kamstig so rond tussen pitbome wat vanself opkom en dan kyk Hy kamstig watter een dra mooi vrugte en dan sit God kamstig vir Hom ‘n mooimaaklint om te wys hy of sy is God se spesiale boom. Dit is sommer verspotte nonsens. God maak geënte boompies en boer met geënte boompies: Hy ent ons (gelowiges en ons kinders) in Christus as mens in die hemel in, bind ons met die doop styf aan Christus as mens in die hemel vas sodat ons saam met Christus kan groei en deur Christus kan vrug dra – almal dieselfde. Ons is ingeënt om sonder stres God net te kan liefhê en in sy liefde te kan leef en so met Hom saam te groei. Ons liefde dra nooit die stres dat ons, óns aan God moet vasbind nie.   Ons ís ingeënt in en vasgebind aan Jesus Christus as mens in die hemel: Hy is die wortel en ons is die takke. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.